Heidema
Kerkstraat 48
DIE MEES GEËERDE NAAM IN FIETSRY

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXV VRYDAG 15 AUGUSTUS 1969 NR. 12



HOOFDIRIGENT CHRISTO PIEK
*(Foto: Fotokuns)*

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# POTENSIËLE OORWINNAARS



Agter: Tian Coetzee; [illegible] Joubert; Fires van Vuuren; B[illegible] van Wyk; Henk Coetzee. Middel: Mnr. Bird (afrigter); Bertie Fourie; Hennie Coetzee; Tiny van [illegible]; Piet Brand; Jim van Rensburg; [illegible]t. Voor: Basjan Reinhardt; [illegible] Postma; Piet Bruwer; Dawid van Aswegen. (Foto: Fotokuns)

## Kovsies-klossies waai!

Dit was Dinsdagaand. Skuins voor elf redelik stil op die kampus (net so stil soos dit egter kan wees met 'n massa geesvangende mans wat dames uit elke donker hoekie met smeergoed bekruip!) En toe bulder dit skielik oor die interkomstelsels van die dameskoshuise: „Drie Kovsies is geskaak en hulle hare gaan nou in die Totiussaal afgeskeer word!"

Waar die Pukmassa so gou vandaan gekom het, weet nugter, maar die drie Kovsies, Tom de Beer, Nic Smit en George Lion is onder luide gejou (gaan haal die skaapskêr)! in die stampvol saal ingebring. Daar op die verhoog is die „vislyn" afgeskeer onder toesig van Christo Piek. George Lion het meer na 'n hiëna as na 'n leeu gelyk toe hy „gedismiss' is, met 'n patetiese blou strikkie om die oorblywende klossie hare gebind.

Die skakers was Over de Voor.

- Woensdaggoggend om 3.30 het agt Pukke van Heimat daarin geslaag om die slaapkamer van Frans Stroebel, die Kovsie-dirigent, te bereik. Iemand anders het egter in Frans se bed geslaap, en hy was ook nêrens in die gang te vinde nie. Die Pukke het 'n deeglike oliespoor nagelaat om te wys dat hulle daar was.

Die Rektor, prof. Bingle, en prof. Wimpie de Klerk het Dinsdagaand by sing-songs 'n ervaring gehad wat hulle seker nie gou sal vergeet nie. Hulle is by hul huise geskaak en na die verhoog gebring. Nog nooit het die Pukke hul proffies so informeel gesien nie! Prof. Wimpie het selfs, op versoek sy lieflingsliedjie gedirigeer: „Aggenee Bet-tie, agge ja Bet-tie!"

## Hokkietoernooi

Op die S.A.U.-dameshokkietoernooi wat die afgelope vakansie in Kaapstad gehou is, het die Pukke verskeie neerlae gely, maar kon daarin slaag om Port Elizabeth met twee doele teen een te klop. Die Springbokhokkiespeelster, Annette van Pletzen, het daarin geslaag om sewe van die nege doele vir die Kovsies aan te teken teenoor die nul van die Pukke.

# Plegtige opening voor hoofwedstryd

**IN 'N ONDERHOUD met „Die Wapad", het mnr. Neels Smit gesê dat die hoofwedstryd môre voorafgegaan word deur 'n plegtige opening. Die doel hiermee is om 'n waardige glans aan die Puk se eeufeesjaar te gee.**

Ook word hiermee beoog om 'n klimaks op te bou en die studente sodoende „reg" te kry vir die groot wedstryd.

Drakenstein onderneem 'n fakkelloop van Burgersdorp na Potchefstroom. Hulle het op die 13de om 6.00 nm. weggespring. Die fakkel is deur die burgemeester van Burgersdorp aangesteek en sal Saterdagoggend in Potchefstroom wees.

Om half-vier die middag begin die opening op Olënpark met 'n fanfare deur trompetblasers. Die fakkel word dan deur een van Drakenstein se inwoners uit die kleedkamers gedra. Hy oorhandig die fakkel aan een van die Pukatlete wat 'n rondte om die veld sal voltooi. Terwyl die atleet om die veld hardloop, word die simboliek van die fakkel verduidelik.

Onder groot fanfare word 'n kandelaar, saamgestel uit verskeie fakkels, aangesteek. Die kandelaar sal vir die duur van die wedstryd brand.

Die Kovsies kry dan die geleentheid om hulle Alma Mater te sing, gevolg deur die Pukke. 'n Sportbelofte, saamgestel deur Neels Smit, word hierna gelees.

Na die speel van die Volkslied, verwelkom die Studenteraadvoorsitter, mnr. Callie Coetzee, die studente. Begelei deur die perdekommando, verskyn die dirigente en die sjampanjenooiens op die veld. Die heildronk word ingestel, en dan ... waarvoor al wat student is die hele jaar al wag: PUK-LEEU TEEN KOVSIEKAT!!

## Redenaars slyp tande vir Wolnit

Die jaarlikse Wolnit-redenaarskompetisie vind op 27 Augustus om 7.30 nm. in die Totiussaal plaas. Die geleentheid is bestem om die hoogtepunt van die Retoriese Vereniging se werksaamhede uit te maak. Die sprekers sal daardie aand moet bewys dat Retoriese spesialisasie op die Puk 'n sukses was. Alle Pukke, en nie net diegene wat die Retoriese Vereniging se byeenkomste bygewoon het nie, is natuurlik welkom om deel te neem.

## Daar he'jy dit









## Lees binne:

Pukmenings oor A.S.B.-Kongres ..... 3
Afsprake ..... 4
Theos maak skoonskip ..... 8

## HOOFDIRIGENT SE SÊ:

Die grootste dag van die jaar het aangebreek — Intervarsity. Vanjaar se kragmeting met die Kovsies is iets unieks: nie 'n gewone Intervarsity nie, maar Eeufees-Intervarsity. Die Puk is vanjaar 100 jaar oud en ek beskou dit as 'n groot eer en voorreg wat elke Puk te beurt val om aan vanjaar se Intervarsity te kan deelneem.

Dit gaan 'n stryd wees tot die bittereinde. Die Kovsies is lus vir ons, en die Pukke sê dieselfde. Dat U.O.V.S. gaan probeer om ons op eie werf te klop, is 'n uitgemaakte saak. Die Pukke aan die ander kant wil nie graag op hulle verjaarsdag 'n loesing op die lyf loop nie.

As dit afhang van die „gees" onder die Pukke, is vanjaar se Intervarsity in die hande van die Puk. Wat die sing-songs betref, gaan dit buitengewoon goed en as ons die dag op die pawiljoen sang van hierdie gehalte gaan kry, behoort ons nie net op die sportveld as oorwinnaars uit die stryd te tree nie, maar ook met die sang. Die Pukke het getoon dat hulle onvoorwaardelik hulle bes doen en dit sal die hart van elke oud-Puk wat die dag daar sal wees, sommer lekker laat klop.

Elke Puk moet besef dat ons graag sy deeltjie ook wil hê. Wanneer die geeltruie op die veld draf, sal dit afhang van die ondersteuning hoe begeesterd die Pukspan sal inklim. Hierdie ondersteuning geld nie net vir die rugby nie, maar vir elke deelnemer in elke span wat die dag in aksie sal wees. Baie wedstryde en kragmetings is al gewen deur die blote ondersteuning van die toeskouers. Dit is nie te veel gevra nie en ons weet sommer dat die Pukke hul stem sal dik maak.

Om 'n mooi en skoon Intervarsity te verseker, is daar sekere eise wat gestel word. Die eerste en belangrikste is om ander te wys dat ons die Puk as ons Alma Mater beskou en alles sal gee wat sy vra. Ons moet hulle kan wys dat ons nie net in die akademiese aspek van die saak ons beginsels kan uitdra nie, maar ook op 'n Interversity, waar die moontlikheid om 'n misstap te begaan, baie groot is.

Verlede jaar se onaangename insidente is 'n voorbeeld hiervan, maar ons wil nie nou ou koeie uit die sloot grawe nie. Dit is iets wat ons wil vergeet sodat ons verseker kan wees van 'n dag wanneer die dirigente mekaar kan bykom met die pittige sêgoed wat hoort by twee sulke tradisievaste universiteite.

Om 'n prestasie van jou teenstander toe te juig, gaan verder daartoe lei dat agting afgedwing word. Wat sal lekkerder wees as 'n warm handeklap aan die kant van die Kovsies, wanneer ons

✱ Vervolg op bladsy 7

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ POTTEBAKKERY
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KOPERWARE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377

## Aanskoulike hokkie te wagte

In 'n onderhoud het mej. Anna Venter, kapteine van die dameshokkieklub, het sy haar soos volg oor die Intervarsity uitgedruk: „Saterdag ontmoet die Pukke en die Kovsies mekaar weer eens op die hokkieveld. 'n Taai wedstryd word verwag en dit beloof om aanskoulike hokkie te wees.

„Hoewel daar geen twyfel bestaan oor wie die sterkste span is nie, gaan dit vir die dameshokkiespan in die eerste plek om die spel self".

Sy wens alle speelsters 'n aangename wedstryd toe.

Mej. Venter het in 'n wedstryd teen P.O.K. weer 'n armbesering opgedoen, en daar bestaan twyfel of sy haar span op die veld sal kan lei.


## Potch Inry

**Tel. 5307 of 6345 bedags**

*Vrydag 15 en Saterdag 16 Augustus.*
*Eerste Vertoning:-*

**ZEBRA IN THE KITCHEN**
Jay North & Martin Miller

*Tweede Vertoning:-*

**THEY ONLY KILL ONCE**
Stella Stevens & Rip Torn.

*Maandag 18 en Dinsdag 19 asook Vrydag 22 en Saterdag 23 Augustus se eerste vertoning*

**THE JOKERS**
Michael Crawford & Oliver Reed.

*Woensdag 20 en Donderdag 21 asook Vrydag 22 en Saterdag 23 se tweede vertoning.*

**THE LONG DUEL**
Yul Brunner & Trevor Howard.

*Maandag 25 en Dinsdag 26 Augustus.*

**ALTYD IN MY DROME**
Hanlie van Niekerk & Pierre de Wet.

*Woensdag 27 en Donderdag 28 Augustus.*

**JY'S LIEFLIK VANAAND**
Gert van den Bergh & Lulu Kruger

*Vrydag 28 en Saterdag 30 Augustus*
*Eerste Vertoning:-*

**PIET SE TANTE**
Frederick Burgers & Miemsie Retief.

*Tweede Vertoning:-*

**MATIELAND**
Steyn de Jager & Wyona Cheyney.


# *Die Studenteraadsvoorsitter aan die woord*

**Die grootste** dag in die hele studentejaar, die klimaks, die hoogtepunt is voor die deur. Die een dag waarna die hele jaar uitgesien word en lank na die tyd oor gesels word. Sonder Intervarsity sou die studentelewe soveel armer gewees het.

Dit is ook die dag wanneer die doodsheid of dinamiek van die hele studentelewe duideliker as ooit blyk. **En daarom is dit in hierdie week op nuut 'n belewing om 'n Puk-student te mag wees.** Al die sprankeling, al die oorspronklikheid, al die spontaneïteit en vrolikheid wat die studente van hierdie universiteit kenmerk kom in hierdie week na vore. Die kerngesondheid van hierdie kampus se studentelewe straal uit na alle kante.

So is Intervarsity 'n dag van vele fasette en geleenthede. Dit is ook die een dag in die jaar wat ons die geleentheid het om ware Puk-gasvryheid te betoon aan studente van 'n ander universiteit en so mee te help om stewige bande te smee, sportmangees uit te dra en goeie vriende te maak. Boonop is ons hierdie jaar in die geleentheid om ook aan talle oud-studente van ons Alma Mater te toon dat die universiteit en die studentelewe wat nou reeds deel van hulle herinneringswêreld geword het, in wese nog presies dieselfde is, nl. gesond, lewenskragtig, vriendelik en gasvry.

Daar is maar een Intervarsity in 'n jaar (waaroor die owerhede miskien heimlik baie dankbaar is). Daar is maar een Intervarsity van 1969. Laat ons daarom op die sportveld, langs die kantlyn en oral van 16 Augustus 1969, vir onsself en almal wat daarby betrokke is, 'n onvergeetlike dag maak. Alles dui reeds daarop dat hierdie die grootste Intervarsity ooit tussen Puk en Ukovs gaan wees.

**Callie Coetzee.**

## WAPADLANGS

DEUR SWEEPSLAG

## Die realistiese staatsdiensmite

**Ons** het die beste staatsdiens in Afrika. Waarom voel 'n mens dan lus om ironiese opmerkings te maak as jy te make kry met die staatsdiensverskynsel? Hoekom klink „staatsamptenaar" dan soos 'n dom mannetjie met 'n bril en 'n stomp potlood? Hoekom kom beskrywings soos „oms'agtig, vertragings-taktici, fabrikante van rooi lint", ens. outomaties by 'n mens op wanneer die staatsdiensbolwerk (-draadwerk) voor jou geestesoog opdoem? Waarskynlik het die res van die Afrikastate hoogs korrupte staatsdienste.

Ons voortreflike openbare administrasie sentreer (as sentreer is wat dit doen) blykbaar rondom die Staatsdienskommisie. Dit wil voorkom of daar een gemeenskaplike eienskap toegeskryf kan word aan staatsdienare verbonde aan dié Kommissie — hulle is almal skrywers — skrywers van beurstjeks aan studente, skrywers van omsendbriewe wat vanselfsprekende gesag dra soos „Human Rights" in die V.V.O. (wát sou die Staatsdiens wees sonder kripties genummeerde omsendskrywes?) en belangrikste van almal, skrywers van ministeriële toesprake!

Die Republiek het te kampe met 'n mannekragprobleem: die Landbou word die terrein van grootskaalse, gemeganiseerde boerdery-maatskappye; die Industrieë word groot geboue vol knoppies; outomatisasie is die sukseswoord van elke groot onderneming — maar die mees outomatiese implement in 'n gewone staatsdepartement is skynbaar die tikmasjien (selde elektries).

Kan 'n mens dan nog wonder waarom die Staatsdiens 'n spesiale skema het waarvolgens studente goedbesoldigde vakansiewerk kan kry? Antwoord: personeeltekort? Maar waar kom al die beamptes dan vandaan waarheen 'n mens verwys kan word (dikwels ses of meer voordat jy by die regte een uitkom) as jy hulp wil hê vir 'n beuselagtige sakie? En hoekom kan studente in die vakansie nie menswaardige werk in die Staatsdiens kry in plaas van peuselwerk nie, terwyl hulle tog vergoed word?

Staatsdiensoneffektiwiteit het 'n grappige mite geword — maar ongelukkig is dit alles harde werklikheid. 'n Student wat oor 'n vakansie in 'n staatsdepartement gewerk het, kan nie anders as om te wonder of ons nie 'n beter Staatsdiens met heelwat kleiner begrotings sal hê as die helfte van alle staatsamptenare afgedank word en behoorlike outomatiese kantoormasjiene ingevoer word nie. Dan mag die Staatsdiens dalk 'n plek word waar bevordering op meriete in plaas van **mortis causa** plaasvind.

## SPYKERBANKKANTATE

DEUR DRUKSPYKER

INTERVARSITY is voor die deur en die Kovsies reeds hier. Aan alle Kovsie slepers: baie welkom op die spykerbankies van die Puk.

As ons dit nie mis het nie, is daar sommige Kovsies wat buitendien sommer baie welkom voel op ons plaas. Neem nou maar vir *Kobus Venter*. Hy en *Anna van der Vyver* wag al lank al dat dit moet intervarsity word, en gaan dit nie lekker wees nie, né!

Kobus is ook nie die enigste studenteraadslid wat haastig was Puk toe nie, want blykbaar vind die studenteraad van Kovsies goed aansluiting by die van die Puk: *Roelf Meyer* sê *Carene Lubbe* is net die aster vir hom, en wat hoor ons van ondervoorsitter *Piet Hancke* en *Bea Marais?*

Reg-student *Philip Krügel* van Kovsies se Anglia is skoon warm soos hy gery het om by *Trienie van Heerden* te kom.

Iiberalia is die koshuis wat nie op hulle laat wag het nie, maar reeds verlede week al begin gees vang het. Hoewel hulle Klawerhof baie strydlustig binnegevaar het, heers daar nog vrede en harmonie tussen *Anton Grové* en *Gerda du Plessis*.

Van Klawerhof gepraat; een van die verpleegsters daar in gang I is die kleine *Elke Behr*, en as jy háár vra, sal sy gou vertel dat sy nou nét met *Gerrit Pienaar* sleep.

Ons hoop dat *Emmi Corbett* hier gaan bly vir intervarsity, want *Okkie van der Schyff* wat daar in Pretoria werk, is blykbaar so 'n groot aantrekkingskrag dat sy meer daar is as hier.

En daar in Thaba Jäh wag *Addie Visser* nog steeds in spanning dat *mnr. Yssel* weer sy opwagting moet maak. Ons wonder dan ook net of daar iets gaan kom van die knaende korrespondensie tussen *Annemarie Bester* en *Piet Schoeman*.

Komaan, al die slepers van Kovsies en van die Puk, vang daardie gees en hou hom! Tot volgende keer. Blikkies!

## ONTMOET...



**PROF. DR. W. J. DE KLERK**

...Willem J. de Klerk, idealistiese realis, „denker", skrywer van vele boeke en raak artikels, ook bekend aan hele land vanweë sy radio-optredes.

Prof. Wimpie — soos ons hom kén, is gebore op Reddersburg 1928. Hy ontvang sy skoolopleiding op Germiston en matrikuleer 1944 aan die Monument Hoërskool in Krugersdorp.

In 1945 begin hy sy ontluikende akademiese loopbaan aan die P.U. Tydens sy voorgraadse studie word hy in 1950 SR-voorsitter en vir die tydperk 1950—51 is hy president van die ASB. Na 1952 spog hy met 'n B.A. en 'n B.A. Honns.-graad in Wysbegeerte.

1953 moes hy na die „skooltjie" om daarvandaan as leraar na Krugersdorp (1953—1957), en later na Totiusdal, Pretoria (1958—1962) te vertrek. In 1963 keer hy egter terug na sy studente-dorp waar hy die Potchefstroom-Noord gemeente bedien tot die helfte 1965. Sedertdien is hy aangestel as dosent aan die P.U. vir C.H.O. en is tans departementshoof van die departement interfakultêre wysbegeerte, en dosent in pastorale sielkunde.

Hy stel baie belang in die sielkunde — veral die pastorale sielkunde. Hy wil graag verdere grade in die sielkunde behaal.

Sy onmiddelike ideaal is om die pastorale sielkunde uit te bou; daarom vertrek hy vir die tydperk Augustus tot Januarie na Holland vir verdere studie.

In die verlede het hy besondere navorsing gedoen oor die jeug en studente-problematiek vanuit 'n pastoraal sielkundige oogpunt. Hy toon ook 'n warme belangstelling in die jeug en die student. Sy belangstelling lê nie in die swewende abstraksie van die wetenskap nie, maar wel in die toepassing daarvan in die praktyk — die konkrete situasie van menswees.

Verder geniet hy die Afrikaanse letterkunde en poësie; Van Wyk Louw is sy „held"! Hy het glad nie 'n affiniteit vir die skilderkuns nie, en die swaarste wat hy in musiek kan geniet, is Beethoven. Die politiek, binne- en buitelands, geniet sy voorkeur en hy skryf graag. Hy vind geen motivering in sport nie, en in dieselfde kategorie kan „stokperdjies" geplaas word.

Hy staan pa vir plus — minus sewe pastoraal-sielkundige publikasies van kleinere of grotere formaat, asook vir baie artikels oor pastoraal-sielkundige en lewens- en wêreldbeskoulike onderwerpe in tydskrfte en koerante.

Hy is ingestel op 'n sterk geprogrameerde lewe. Dit, sê hy, verhoog produktiwiteit.

Prof. Wimpie — al weet hy nie waar hy dié naam gekry het nie — waardeer die positiewe benadering van die studente teenoor sy klasse want dit laat hom met vreugde werk!


Prof. De Klerk is getroud met Elsabé Kruger en hulle het twee dogters en twee seuns.




**'N VEILIGE TUISTE VIR U GELD**

**NASIONALE BOUVERENIGING**

# IENTERWAARSITIE ! ! !



# *PUKMENINGS OOR A.S.B.-KONGRES*

**DIE PUK was goed verteenwoordig by die pasafgelope A.S.B.-kongres, wat by U.P. gehou is. Die Wapad het 'n paar Puk-studente wat die kongres bygewoon het om hulle indrukke gevra:**



KRAAMWINKEL
*(Foto: Fotokuns)*

Mnr. Neels Smit, onder-voorsitter van die S.R.: „Die kongres, wat altyd 'n verrykende gebeurtenis is, was in sommige opsigte verrassend gaaf en in ander opsigte ietwat teleurstellend. Gaaf omdat met streng Afrikaanse konserwatisme (wat tog eie is aan ons volk) plek-plek diep gesny is — met verrassende eerlikheid. Soms teleurstellend, omdat aktuele sake van belang dikwels met te veel



SMIT
*(Foto: Fotokuns)*

omsigtigheid en diplomatiese omseiling benader is. Een ding is seker: Daar sal dieper besinning by die leier van môre moet kom as hy die volkerevraagstuk tot 'n oplossing uit realiseer.

Mnr. T. J. Kruger, lid van die dagbestuur van die Studentraad,



KRUGER
*(Foto: Fotokuns)*

het hom veral uitgelaat teenoor die ongemotiveerde kritiek teen Christelike wetenskap wat van 'n bepaalde sentrum gekom het:

„Dit is ontstellend — te meer daar die persone eerstens nie weet wat die Christelike wetenskapsleer inhou nie en tweedens, hoegenaamd geen aanvaarbare alternatief daarteenoor kan stel nie". Mnr. Kruger het bygevoeg dat 'n gebrek aan 'n gemotiveerde beginselstandpunt al te dikwels verbloem word deur 'n beroep op (ongekwalifiseerde) Afrikanerskap. Hy meen egter dat die prinsipiële pad waarop die A.S.B. beweeg en die fundamentele beginsels waarop hy steun, steeds suiwer is.

Mnr. Alwyn Kraamwinkel, B.Comm II-student, het die kongres as 'n waarnemer bygewoon, en was veral beïndruk deur die breë eenheid by die Afrikanerstudente, wat gebaseer is op 'n gemeenskaplike lewens- en wêreld beskouing: „Verskille is daar wel, en tereg ook, oor die toepassing van die beginsels, maar ongelukkig is dit waar dat van die verskille 'n prinsiële kleur begin kry. Dit mag in die toekoms 'n bedreiging vir die eenheid in Afrikanerstudentegeledere wees", het mnr. Kraamwinkel gesê.

Hy meen ook dat die referate van hoogstaande gehalte en die skerpsinnigheid aan die kant van die afgevaardigdes verblydend was.



MEJ. LUBBE
*(Foto: Fotokuns)*

Ons het ook vir mej. Carene Lubbe, studenteraadslid, gevra wat het sy gedink van die sosiale aspek van die kongres:

„Volgens my mening was die afgelope A.S.B.-kongres ook op sosiale gebied 'n groot sukses. Die studente van die verskillende kampusse het veral gedurende die teepouses mekaar op spontane en gesellige wyse ontmoet en ook op georganiseerde sosiale vlak het daar niks geskort nie".

Mej. Lubbe het bygevoeg dat die musiekkonsert in die Musaion, wat deur die kongresgangers bygewoon is, van hoogstaande gehalte was en dat 'n dinee gesorg het dat die kongres op hoë noot afgesluit is.

# Stukkende fietse kortwiek toer

**TWEE PUKKE het die afgelope vakansie gepoog om die bykans 3000 myl tussen Walvisbaai en Beira per dubbelfiets af te lê binne 21 dae. Hulle is Leon Wessels en Kal Landsberg, beide in hul derdejaar Regte.**

Leon en Kal het op Vrydag 5 Julie per vliegtuig vertrek na Windhoek, waarvandaan hulle na Walvisbaai geryloop het. Hulle het oorspronklik beoog om 150 myl per dag af te lê, sodat hulle 21 dae sonder onderbreking sou moes aanhou trap om die afstand af te lê. By hulle op die fiets het hulle 40 pd. bagasie gehad, wat slegs die nodigste bevat het, o.a. slaapsakke en sweetpakke. Hulle het geen voedselvoorraad saamgeneem nie, maar kos gekoop op verskillende dorpe. Volgens hulle, het hulle maar van „brood en water" gelewe!

Op Okahanja het hulle in die gevangenis oornag (as gaste!). Hulle het dikwels die nag saam met joggies by petrolpompe deurgebring.

Voordat hulle vertrek het, het hulle die fietsmaatskappy deur wie hul dubbelfiets vervaardig is, geteleſoneer om seker te maak dat die fiets in staat sou wees om die twee én hul bagasie te dra. Die woordvoerder het hulle verseker: „We make tandems, not tricycles!"

Dit het egter gou geblyk dat die fiets begin swaarkry het. Hulle kon slegs agt dae voorspoedig ry, waarin hulle egter reeds 1000 myl afgelê het. Toe het die naaf van die agterwiel gebreek en die voorwiel se velling gebuig.

Gevolglik kon die twee reisigers slegs Lourenco Marques bereik. Die laaste 15 myl daarheen is met elf af speke afgelê! Daar moes hulle die fiets op die trein laai en terug ryloop. Die onkoste sou te veel en die tyd te min wees om die roete te voltooi.

Leon en Kal is egter nie teleurgesteld met hul poging nie. As dit van hul eie fiksheid en deursettingsvermoë afgehang het, sou hulle hul doel bereik het. Toe die fiets die eerste keer gebreek het, was hulle reeds voor op hul program.

Die onderneming het hulle ook



baie genot verskaf. Volgens Leon was dit die lekkerste van alles wanneer die fiets glad loop en alles goed gaan. Hulle het 'n gemiddelde spoed van 20 m.p.u. gehandhaaf.

Omdat berigte in die pers verskyn en oor die streeknuus uitgesaai is, het mense in Suidwes die twee herken. By die paspoortkontrole is hulle spesiaal vinnig deurgehelp. By die grens op Komatipoort het Portugese die twee toegejuig en hande geklap.


**SKOEN- EN FIETSREPARASIES**

★ EN FLINKE DIENS

★ VIR ALLE STUDENTE BENODIGDHEDE

**HUIS EN TUIN**

(Langs Volkskas op die Bult)

★ ALLE BATTERYE WORD OOK GETOETS

DIT IS DIE SNIT WAT TEL . . .



★ Alba broeke
★ Mentone pakke
★ Monatic hemde
★ Battersby hoede
★ Gregory sokkies

**TOD SUTTIE'S**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*

Posbus 219 — Kerkstraat 177 Tel. 3411

POTCHEFSTROOM

## AFSPRAKE . . .

Saterdag 16 Augustus: Kovsiemassa arriveer.
8:30 vm.: Regsintervarsity — Skynhof in Frans du Toit-gebou.
3:30 nm.: Openingseremonie voor die hoofwedstryd op Olënpark.
6:30 nm.: Aandete en kampvuur op Oude Molen-terrein en Alabama Studentegeselskap tree op vir oudstudente.
8:30 nm.: Alabama Studentegeselskap tree op vir Kovsies.
Maandag 18 Augustus: 7:30 nm.: Regsvereniging Verkiesingsvergadering.
Dinsdag 19 Augustus: Die laaste openbare lesing van die Dirk van Rooy-gedenklesings in die Frans du Toit-gebou. Prof. J. H. van der Merwe sal praat oor die rol van die Wiskunde in die toekomstige ontwikkeling van Suid-Afrika.


## Goue Weste Inry

Tel. 6437

*Vrydag 15 en Saterdag 16 Augustus. Eerste Vertoning:-*

WHERE ANGELS GO TROUBLE FOLLOWS
ROSALIND RUSSEL

*Tweede Vertoning*

ANGELIQUE AND THE KING
Michele Mercier & Sami Frey.

*Maandag 18 tot Donderdag 21 Augustus*

DIE BERGLEEU
Roger Perry & Peggy Ann Garner.

*Vrydag 22 en Saterdag 23 Augustus Eerste Vertoning:-*

DIE BERGLEEU

*Tweede Vertoning:-*

HAMMERHEAD
Vince Edwards & Judy Geeson.

*Maandag 25 en Dinsdag 26 Augustus.*

THE THREE MUSKETEERS
Gene Kelly & Lana Turner.

*Woensdag 27 en Donderdag 28 Augustus.*

DOCTOR, YOU'VE GOT TO BE KIDDING
Sandra Dee & Bill Bixby

*Vrydag 29 en Saterdag 30 Augustus. Eerste Vertoning:-*

THE THREE MUSKETEERS

*Tweede Vertoning:-*

DOCTOR, YOU'VE GOT TO BE KIDDING

## 20th Century

*Vrydag 15 tot Dinsdag 19 Augustus.*

WHERE EAGLES DARE
Richard Burton & Clint Eastwoord.

*Woensdag 20 tot Saterdag 23 Augustus.*

SHALAKO
Sean Connery & Brigitte Bardot.

*Maandag 25 en Dinsdag 26 Augustus.*

BATTLE BENEATH THE EARTH
Kerwin Mathews

*Woensdag 27 en Donderdag 28 Augustus.*

TRYGON FACTOR
Steward Granger.

*Vrydag 29 en Saterdag 30 Augustus.*

THE SHUTTERED ROOM
Gig Young & Carol Lynley.

*Maandag 1 en Dinsdag 2 September*

COUNTDOWN
James Coan.



# die WAPAD

VRYDAG 8 AUGUSTUS 1969


# *Die oomblik*

GROOT is die oomblik aan die einde van sing-songs as die Alma Mater weerklink — en almal buite die Totiussaal, onder die bome, om die kafeteria, gehul word in respekvolle aandag — dit is hartlik om oral in halflig figure op aandag te sien staan en meelewe, of saamsing as hulle na genoeg aan die oorvol saal staan.

Dit is op sulke oomblikke dat 'n mens besef dat die geneëntheid wat jy nog altyd teenoor jou Universiteit gevoel het, niks minder as liefde is nie. Want dan weet jy dat dit wat jy voel, ook deur almal wat daar saam met jou op aandag staan, gevoel word, en deur duisende voor ons oor die afgelope eeu gevoel is.

Groot is ook die oomblikke wanneer jy met bruisende bloed en fragmente liedjies in jou keel in die massa rondmaal en stamp; wanneer jy moet veg vir die behoud of herwinning van jou eetgerei; wanneer jy in die donkerte sokker speel op die kampus; wanneer jy snelweë oor Kovsiekrone met 'n knipper baan; wanneer die skaakspanning met sononder koorshoogte bereik en sommer enige tyd wanneer jy skaamteloos mal is.

Grootste oomblikke is egter wanneer jy as student op die pawiljoen die reg het om selfbeheersing prys te gee ter wille van die maniese aanmoediging van jou span. Groot oomblikke kan 'n mens onbevange beleef sonder vrees vir skade of skande omdat dit aan ons P.U. vir C.H. O. is: „. . . waar ons studente leer tradisies van hul volk te eer, om mense uit een stuk te wees — gesond na liggaam en na gees."

# *Welkom!*

WAAR in die land is daar nog twee universiteite wat intervarsity kan hou op 'n meer studente-manier as die P.U. vir C.H.O. en U.O.V.S.? Op die sportveld, om die konferensietafel en in die akademie vind ons aansluiting by die Vrystaters soos met geen ander nie. Daarom heet ons die Kovsies graag welkom, hierdie skoot in 'n gees van sportmanskap en sportsmanskap!


## REDAKSIE

| | |
|---|---|
| Hoofredakteur Francois Venter | tel. 2050 |
| Subredakteur: Dirk Laufs | tel. 4638 |
| Subredaktrise: Martie Kruger | tel. 8214 |
| Nuusredakteur: Lourens du Plessis | tel. 2030 |
| Politieke redakteur: Dawie Swanepoel | |
| Kunsredaktrise: Joan Crafford | tel. 2071 |
| Sportredakteur: Johan Preller | tel. 6701 |
| Akademiese redaktrise: Elsabé Smuts | tel. 2039 |
| Eeufeesredaktrise: Retha Coetzee | tel. 2071 |
| Sosiale redaktrise: Retha le Roux | tel. 2119 |
| Fotoredakteure: Wytze van Wyk de Vries | tel. 2019 |
| Advertensiebestuurder: Johan Ligthelm | tel. 5553 |
| Spotprenttekenaar: Lood Dercksen | |
| Sekr.-Penningmeester: Leon du Plessis | tel. 2030 |
| Sirkulasiebestuurders: | |
| Piet Strydom | tel. 2019 |
| Piet Hattingh | tel. 2019 |

SPORTVERSLAGGEWERS:
Izak van Rensburg; Henk Coetzee; Chris Conradie; Hennie de Villiers; Piet Kruger; Pieter Oosthuizen; Ria de Klerk; Ben van der Walt.
AKADEMIESE VERSLAGGEWERS:
Erna Arnold; Rika van der Walt.
KUNSVERSLAGGEWERS:
Piet Fourie; Louise Heystek; Nicoléne Marais.
POLITIEKE VERSLAGGEWERS:
Douw Kruger; Zak Ferreira; Henri Murphy.
SOSIALE VERSLAGGEWERS:
Amalia du Plessis; Magriet de Lange; Hestrie Snyman; Marlene Lemmer; Gert Kruger; Dries Burger; Johan Yssel.



## PARADISE RESTAURANT

- Dié kafee op Die Bult . . .
- dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
- EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

Tomstraat 86 Tel. 5474


# Uit die Woord

## VOLGENS DIE REËLS!

*2 Tim. 2 : 5: En verder, as iemand aan 'n wedstryd deelneem, word hy nie bekroon as hy nie volgens die reëls gewedywer het nie.*

- *Al sou jy al jou kragte gee in 'n naelloop, goedgeoefen, slaggereed met 'n duidelike doel voor oë, en jy kompeteer nie volgens die reëls nie, word jy nie bekroon nie. So gaan dit in sport. Vanselfsprekend.*
- *Maar wat hier vir die sport geld, geld ook vir 'n Christen se lewe, vir alles wat hy doen en wat hy wil bereik.*
- *Dit geld ook vir alle samelewingskringe, en nie in 'n mindere mate nie, ook vir ons Universiteit, en alle beplanning van alle onderafdelings van die universitêre lewe.*
- *Vir baie is hierdie basiese vereiste wat die apostel Paulus hier neerlê, nie 'n beheersende gedagte nie. En alhoewel dit vir ons lewe vanselfsprekend behoort te wees, is dit nie so maklik om altyd die eise van God se Woord vir alles wat ons doen te onderteken en te deurgrond nie. Gedurig stel ons ons eie reëls op, soms lynreg teen die Woord van God. Soms verander ons dit — aanpassing!*
- *Waar die spelers, of die naelloper, telkens selfs reëls neerlê, wysig, ontstaan daar chaos en loop alles op niks uit.*
- *En waar ons die Koninkryk van God in ons lewe as ons doelpunt het, is dit uiters belangrik om die reëls van die koninkryk stiptelik te volg — ter wille van die Koninkryk van God sélf!*
- *Slegs so kan ons met Christus oorwin en Hy in ons.*

*— J.A.K.*

# *Uit die* POSSAK

## C.H.O. SAL SEËVIER

**GEAGTE REDAKTEUR. In aansluiting by Ontnugter se brief in verlede week se Wapad, die volgende: Ek vereenselwig my volkome met sy raak siening oor die hele aangeleentheid. Ek sou graag in die onderhawige verband die een en ander wou byvoeg.**

In „Die Perdeby" van 1 Augustus skryf 'n briefskrywer die volgende: „Tukkies het weer eens opgekom en gestaan vir dit wat eie is aan ons as Afrikaanse studente". Hy vereenselwig hom dan verder met die Tukkie-standpunt op die afgelope A.S.B.-kongres.

Mens wonder onwillekeurig wat die skrywer sou bedoel met „eie aan ons Afrikaanse studente". Van watter Afrikaanse studente praat hy? Bedoel hy miskien Afrikanerstudente? Dit is hoogs onwaarskynlik want 'n Afrikanerstudent is tog immers 'n lid van die volk waarvan dr. J. Raubenheimer sê: „Soos die skof aan die Afrikanerbees, so gee die Calvinisme aan die Afrikaner sy karakter". Op 'n ander plek sê hy: „Die Afrikanervolk is in sy diepste wese Christelik, met teelaarde die Calvinisme". Met enkele woorde skets hy dus die wese van die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing.

Watter beginsels het die Afrikanervolk dan nog as hierdie een fundamentelè beginsel wegval? Hoe kan die Afrikaner homself verweer indien hy die terreine wat hy dan wel nog wil Christianiseer gaan uitsoek? Dit lyk asof sekere Afrikaners beweeg in die rigting van „volkome" Christen in die kerk, Christen wanneer dit hom pas in die politiek en neutrale mens wanneer hy sy wetenskap beoefen.

Die krag van die Puk se „te veel C.H.O." lê ook daarin: dat dit jongmense vorm wat ook in die 20e eeu, die eeu van maanlandings en ander menslike prestasies, liberale toegeeflikheid en pragmatiese getalsterkte, nog hulleself, ja, nog Afrikaners ook in hulle wese kan bly.

En uiteindelik glo ons dat hierdie invloed van die P.U. vir C.H.O. soos suurdeeg deur die akademiese geledere van die Afrikanervolk sal werk om as kosbare erfenis vir komende geslagte behoue te bly.

„Hoopvol".

## Ontgroening afgeskaf

MET die afskaffing van ontgroening in 1937 vrees die Besembosredaksie vir die gees van die Puk en roep die studente tot aksie op.

## NAAIMASJIEN TE KOOP

DIE stilte oorkant die treinspoor sal eersdaags verbreek word, en dit gaan aan Karlien se eerstejaars te danke wees. Hulle het die eerste prys, 'n naaimasjien, van die Puk se atletiekvereniging gewen, omdat hulle die meeste gedenkalbums verkoop het. Nou wil hulle die masjien verkoop en 'n radiogram in die plek daarvan koop. Laat die plate en koffie aankom, asseblief!

Stel u belang in 'n splinternuwe, heelnuutste, ongebruikte „Singer" naaimasjien? Die markwaarde is R220. Afslag sal gegee word, maar slegs die hoogste kontantaanbod sal aanvaar word — maak gou! Hoe lyk dit met die doedies en douens wat trouplanne het?

# SENTRUM BEWEEG UITWAARTS

**MET 'N HISTORIKUS, ekonoom, volkekundige en 'n politikus as spreker en 'n aktuele tema soos „Suid-Afrika in uitwaartse beweging", wil die Sentrum vir Internasionale Politiek poog om die „uitwaartse beweging" in perspektief te plaas met hulle jaarlikse simposium op Vrydag 22 Augustus in die Totius-gedenksaal.**

Die probleme en die gevare, maar ook die geleenthede en uitdagings rondom hierdie aspek van ons buitelandse beleid, sal deur die sprekers behandel word.

As sprekers tree op prof. D. W. Krüger, professor in Geskiedenis aan Unisa en voorheen verbonde aan die P.U. Sy referaat handel oor „Suid-Afrika in die branding van die internasionale politiek — 'n gevolg van die veranderde na-oorlogse wêreld".

Dr. M. D. Marais, bekende ekonoom, bespreek S.A. se ekonomiese betrekkinge met die buiteland terwyl prof. J. H. Coetzee, direkteur van die Instituut vir Afrikanistiek en kenner van Afrika, die klem laat val op die Republiek en Afrika. Sy Edele dr. C. P. Muller, Minister van Inligting, sluit die simposium af met 'n referaat: „Uitwaartse beweging en innerlike gereedheid".

## Nuwe dosente

ALTESAAM vyf van die Universiteit se dosente, en drie persone van elders, word met ingang 1 Januarie 1970 aangestel as professore, luidens 'n aankondiging van die Registrateur, mnr. G. P. Schoeman.

Die betrokke persone is dr. T. Botha, hoof van die departement Spraakleer en Drama; dr. J. J. Henning, hoof van die departement Naturelleadministrasie; dr. J. J. Dekker van die departement Chemie; dr. W. J. Putter van die departement Liggaamlike Opvoeding; adv. J. D. van der Vyver, hoof van die departement Regsfilosofie; dr. T. van der Walt, tans predikant van die Gereformeerde Kerk, Krugersdorp, as professor in die departement Nieu-Testamentiese vakke by die Teologiese Skool; prof. T. T. Cloete, tans verbonde aan die Universiteit van Port Elizabeth, in die departement Afrikaans-Nederlands en dr. J. J. de Wet van die Universiteitskollege van Fort Hare, as professor in die departement Empiriese Opvoedkunde.

Tot senior lektor is bevorder dr. S. S. Venter en mej. A. N. I. Lohann van die departement Engels; mnr. O. G. Kahl, departement Maatskaplike Werk; mej. E. M. Botha, departement Spraakleer en Drama; mnr. J. J. van Tonder, departement Staatsleer; dr. J. N. Eloff, departement Plantkunde; mnr. J. M. Hattingh, departement Statistiek; dr. H. J. Weber, departement Geld en Bankwese; mnr. P. van Z. Aucamp, departement Publiekreg; mnr. R. L. Tönsing, departement Duits en mnr. A. G. Schutte, departement Volkekunde.

Tot lektor is bevorder mej. M. E. Botha, departement Kultuurkunde; mnr. J. J. Venter, departement Wysbegeerte; mnr. A. J. Reinecke, departement Dierkunde; mnr. A. S. de Beer, departement Perswetenskap; mnr. P. C. Schutte, departement Ekonomie; dr. W. J. Louw, departement Plantkunde; dr. H. D. Brand, departement Farmakologie; mnr. T. G. Eloff, departement Kosteberekening; en mnr. R. B. Fourie, departement Rekening- en Ouditkunde.

Tot junior lektore is aangestel mnr. Johan van Rensburg, departement Musiek; mnr. C. J. Coetzee, departement Naturelleadministrasie; mej. C. M. van Heerden, departement Bantoetale; mnr. J. Roux, departement Bantoetale; mnr. P. J. W. Jones, departement Latyn en mnr. J. J. Snyman, departement Wysbegeerte.

## Dorp – nuwe bestuur

Op 'n dagstudente-vergadering Maandagaand is 'n entoesiastiese klompie Pukke verkies op die nuwe bestuur.

Hulle is Tinus Jacobsz (voors.), Nic Grobler (ondervoors.), Bester Swart (sekr.), Lidia van der Walt (hulpsekr.) Dawie Swanepoel (penningmeester) en Baseball Malan, Mariana van Dyk, Henk Coetzee en Dries van der Walt as organiseerders.

In sy afsluitingswoord het Leon Wessels die ou bestuur bedank vir hul samewerking en sy beste wense aan die nuwe bestuur oorgedra.

In 'n onderhoud met Die Wapad het Tinus Jacobsz gesê dat die nuwe bestuur sal voortbou op die goeie basis deur vorige besture gelê. Hy doen egter 'n beroep op sommige van die dorpstudente om hul laksheid te laat vaar. 'n Hele paar uitstappies word in die nuwe termyn beoog. Die dorpstudente beoog om in die toekoms die karnavalbeker vir die wenvlot te verower.

## Aandag, S.R.-kandidate

Alle persone wat genomineer sal word vir die studenteraadsverkiesing op 3 September moet voor 27 Augustus gesigsfoto's van hulleself in die Wapadbussie (nr. 10) by die studenteraadskantoor plaas of laat afneem by Fotokuns. Dit moet vergesel wees van 'n lys van alle prestasies en die datums daarvan wat die kandidaat behaal het in die studentelewe, asook sy studierigting en datum van eerste inskrywing.

## KOMMENTAAR OP MATIES EN KLEURLINGE

**SKAKELING tussen die Maties en die Kleurling-universiteitkollege in Wes-Kaapland was hierdie keer daarvoor verantwoordelik dat die Maties weer oorhoops lê met hulle Studenteraad.**

Op 'n monstervergadering verlede week het die studentemassa 'n besluit van die Studenteraad om nie met die Kleurlingkollege te skakel nie, verwerp. Besluite van die Studenteraad is reeds by drie vorige geleenthede deur die massa verwerp.

Intussen het studenteraadsvoorsitters van ander Afrikaanse universiteite ook hulle menings in die pers oor kontak met nie-blanke studente gegee.

Mnr. Callie Coetzee van die P.U, het gesê dat daar geen skriftuurlike beswaar teen sodanige kontak is nie, maar dat die uiteindelike doel van kontak die uitdra van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing op die terrein van studenteverhoudinge moet wees. Die antagonisme van die nie-blanke studente jeens die Afrikanerstudente, en dat die weg vir insypeling deur Nusas-georiënteerde liberalisme oopgemaak word, is, volgens mnr. Coetzee, praktiese probleme wat kontak egter verhinder. In die lig hiervan was die Stellenbosse Studenteraadsbesluit verstandig en moontlik die enigste antwoord.

Mnr. Neels Botha van U.P. meen dat enige kontak in hierdie stadium geen goeie doel dien nie. Die Stellenbosse Studenteraad het in beginsel die regte besluit geneem en die massa is verkeerd.

Mnr. Johan Louw van R.A.U. sê dat daar persoonlike kontak gesoek moet word tussen blanke en nie-blanke studenterade. Die besprekings moet egter nie lei tot enige vorm van sosiale kontak nie.

Mnr. Vink Mostert van U.O.V.S. wou nie kommentaar lewer nie.

## AVONTUURLIKE WERKGELEENTHEDE IN TUISLANDE

**DIE A.S.B. POOG reeds geruime tyd om 'n hulpdiens aan die departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling in die tuislande in te stel en langs dié weg 'n aktiewe deel by te dra tot die beleid van afsonderlike ontwikkeling.**

Hierdie ideaal kon tot vervulling kom toe die afgelope A.S.B.-kongres die onderhandeling van die hoofbestuur met hierdie departement goedgekeur het.

Werkgeleenthede bestaan gedurende die Desembervakansie in streke soos Oos-Kaapland, Zoeloeland, Wes-Transvaal, Noordwes-Kaapland, Noord-Transvaal, Suidwes-Afrika en die Caprivi-strook veral vir mediese, landmeetkunde-, ingenieur-, argitektuur- en landboustudente. Daar bestaan ook geleethede vir studente van enige ander vakrigting om administratiewe werk in dieselfde interessante streke te doen. Daar is slegs 'n beperkte aantal vakatures. Studente word dus aangeraai om spoedig aansoek te doen. Aansoeke sluit op 30 September en moet gestuur word aan: Die Organiseerder, Afrikaanse Studentebond, Posbus 8711, Johannesburg, met vermelding van die volgende besonderhede: volle naam en van; ouderdom; universiteits- en vakansie-adres; akademiese studiejaar; studierigting; Inrigting waar u studeer; Is u lid van 'n vereniging wat by die A.S.B. geaffilieer is; (slegs van toepassing vir sentra waar die S.R. nie geaffilieer is nie) en of u bereid is om in interessante streke te werk sonder vergoeding, indien u reis- en verblyfkoste gedra word.

## Examin-vlaater

KLAGTE van 'n 1928-student: 'n Student moet eksamen skryf — 'n martelingsproses — en dan moet hy nog daarvoor betaal.

## Interessante lesings volgende week

DIE fakulteit natuurwetenskappe het in die loop van volgende week 'n aantal baie interessante en aktuele lesings aan.

Op 19 Augustus sal dr. G. S. J. Kuschke praat oor die toekomstige ontwikkeling van die mineraalnywerheid in Suid-Afrika. Die volgende dag vervolg dr. N. Stutterheim met 'n referaat oor die rol van fisika en ingenieurswese in die toekomstige ontwikkeling van Suid-Afrika. Op Donderdag 21 Augustus praat mnr. R. Panall oor die Aptekerswet in die toekomstige ontwikkeling, en Vrydag sal prof. L. Kuipers van die V.S.A. praat oor die estetiese en praktiese waarde van die wiskunde.

## DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

MEJ. X., die wind kom. Dit gaan waai en waai en nooit weer ophou nie. Nie koud nie, maar dor en gewelddadig. En al wat oorbly is die stilte, die leegheid. Want dit waai alles aan flarde.

Augustusmaand en 'n flentertjie musiek wat wegwaai in die oneindige niks. Net weemoed. En 'n gebaar. Want alles sterf en sterf, eindeloos. Is daar ooit so 'n eensaamheid as in die nagte wanneer die wind aanhoudend om die huis se hoeke fluit? En wanneer jy uitgaan om in die hart van die wind te tuur . . . Moenie mej. X, moenie. Want daar is niks. Net 'n malende vormloosheid van leegheid. Die wind is ons erfenis uit 'n tyd toe alles woes en leeg was. Die wind is verskriklik.

Ek loop in die strate en hoor hoe 'n meisie lag. Ek trap oor droë blare en tuur oor die vormloosheid van die landskap. Want alles verdwyn in vaagheid oor 'n leë, plat aarde. Maar die laatmiddae is daar, voor die aande kom. En bo is 'n lug vol helder wolke. Later sal 'n hond in die verte begin blaf, en as hy lank genoeg aanhou sal ook dit deel van die stilte word. Want die dae is gehul in dieselfde patroon van ongebreekte enersheid. Net voor skemer sal 'n blou rokerigheid in die ooste opslaan as die bewing van die dag se hitte bokant die horison verdwyn. Dan sal die son gaan lê, en die wind sal kom, en voor die donkerte toeneem sal daar nog groter eensaamheid wees.

Dit is 'n dor tyd hierdie, mej. X 'n Tyd waarin jy geen verklaring gaan vind vir sekere onverklaarbaarhede nie, 'n tyd waarin elke mens se dae gedrenk word deur die wind wat waai.

Want dit is Augustus, onvermydelik Augustusmaand.

## HART-NAVORSING

ASPEKTE van hartnavorsing is die afgelope week bespreek deur die departement fisiologie op 'n simposium deur hulle aangebied.

Dit het plaasgevind in samewerking met die Anglo American-maatskappy, en verskeie oorsese en plaaslike deskundiges het opgetree as referente. Onder die gassprekers was prof. G. Juniz, hoogleraar in fisiologie verbonde aan die instituut te Ljubljana, Joego-Slawië. Dr. T. Naudé van die afdeling Toksikologie by Onderstepoort het gepraat oor die effek van inheemse plantgifstowwe op die hart, terwyl prof. P. J. Pretorius van die P.U. en dr. N.B. Strydom van die laboratoruim vir menslike wetenskappe in Johannesburg ook referate gelewer het.

## STOEIERS WIL GENIET

Mnr. Pof Preller, kaptein van die Puk-stoeispan het gesê: „Na ons weghol oorwinning op die onlangse S.A.U. Toernooi waar die Pukke meer punte as al die ander universiteite saam ingesamel het, het ons op hierdie stadium nie veel te vrees van die Kovsies nie. Intervarsity het egter die gewoonte om groter krag in 'n span in te blaas, daarom gaan ons die Kovsies nie onderskat nie, maar hul letterlik opfrommel. Ons weet dat die stoei-toernooi in dieselfde goeie gees van vriendskap wat daar nog altyd tussen die stoeiers geheers het, sal plaasvind en dat ons die hele intervarsity sal geniet, soos 'n intervarsity geniet moet word.

Welkom Kovsies".

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420
POTCHEFSTROOM
●
Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE TOERUSTING
●
Ons spesialiseer in die verskaffing van
Jongste Plaat-opnames
*Kom besigtig ons groot reeks*

DIE
INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

## MEESTERSKONSERT

# ENGEL-GESIN IN TOTIUSSAAL

**WAT musiekaanbiedinge aanbetref, beloof hierdie laaste semester om baie interessant te wees. Die eerste aanbieding in die reeks van Meesterskonserte was op 11 Augustus in die konservatoriumsaal. Die program is aangebied deur die Koeckert-strykkwartet. Hierdie strykkwartet is tans een van die wêreld se mees gesogte kamermusiekgroepe.**

Die volgende Meesterskonsert vind op Dinsdag, 2 September, plaas. Die Engel-gesin het seker geen bekendstelling by die publiek nodig nie. Hierdie Oosterse gesin het reeds in 1967 'n toer deur Suid-Afrika onderneem en hulle is oral met groot entoesiasme ontvang. Hulle sal 'n program aanbied wat hoofsaaklik uit Tiroolse volksmusiek bestaan. Wat hierdie gesin so uitsonderlik maak, is die feit dat almal uitblink in musiek. Tussen die lede van die gesin word 50 verskillende musiekinstrumente bespeel (swaar; blaas- en slag). Sommige van die instrumente is oorspronklik Tirools. Hierdie konsert sal in die Totiussaal plaasvind. Dit word in samewerking met Truk aangebied.

Die laaste Meesterskonsert vind op Saterdag, 27 September, in die Konservatoriumsaal plaas. Die kunstenaars wat sal optree, is Heinz Holliger, Hobo, en Edith Picht Axenfeld, klavier en klawesimbel Hierdie twee is elk 'n kunstenaar van wêreldformaat op eie gebied.

# REVUE '69 FLONKER

**DIE NAHUIWERING daarvan is soos om aan 'n glas beleë wyn te proe. Nadat jy dit teen die lig beskou het om die kleurespel te bewonder ruik jy eers stadig en diep, neem 'n klein slukkie en rol dit in jou mond voordat dit glad soos vriendelike son in jou keel afgly.**

**Daarom is dit nie moeilik, wanneer mens na jou mening gevra word, om oor die gehalte van Revue '69 te oordeel nie. Want dit is duidelik: hierdie groep troubadours sing hulle universiteit oor die grense van alle vooroordeel die land ín! Soos alleen dié klompie vrolike partisane van die P.U. vir C.H.O. dit kan regkry.**

Tog is dit ook duidelik dat agter hierdie fyn afgerondheid 'n groot mate van harde werk moet skuil. Daarvan is die aanbieding in sy geheel 'n getuienis. En dit, glo ek, is hoofsaaklik te danke aan die inisiatief en vermoëndheid van die musiekleier, Johan van Rensburg, en die regisseur, Abri le Roux.

Maar laat ons in hierdie klein ritueel van proe en herbeleef voor begin, by die onderste boustowwe wat die eindresultaat ten gevolge gehad het.

Eers die dekor. Die ontwerp daarvan is goed — dit word 'n mooi omlysting waaruit hierdie aanbieding na die gehoor vloei. Die effek is byna psigedelies, 'n goeie fondament vir die sprankeling, die onbesorgde jonkheid waarmee die gehoor betower word. Die beligting is effektief: vinnig, maar sonder die wonderwêreld wat in Revue '68 daardeur geskep is — as mens dan tóg gaan vergelyk. (Hoewel dit 'n eie, ander meriete het.)

Die dames se verskeidenheid van mooimaak-tabberdjies en die hele groep se netjiese vertoning, wat persoonlike voorkoms betref, maak 'n goeie indruk. Daarby nog die vriendelike en spontane wyse van aanbied, só dat mens uit die gehoor soms net-net wou saamsing!

Nou die aanbieding in sy verskeidenheid: Die koorwerk is deurgaans imponerend. Dit sou moeilik wees om stukke uit te sonder, maar ek sou tog die paslike insluiting van die Alma Mater wil noem. Verder is daar fyn kombinasies en gemaklike oorgange. Plek-plek die eenvoudige klank van eerlike skeppingswerk in al sy fyner nuanses. (Werk wat belofte inhou is: Ek is 'n lawwe meisiekind en As ek en jy in die maanlig ry van Johan van Rensburg).

Die choreografie is altyd vloeiend, nooit lomp of oordoen nie, en heerlik meesleurend. (Om uit te sonder: Everybody loves Saturday Night, The Can Can, en Abri le Roux se meesterlike mierdans!) Die aanbieding in sy geheel is 'n manifestasie van die regisseur se aanvoeling vir lig, kleur en beweging, sonder om ooit die frisheid en mooi eenvoud in te boet.

Hoewel die humorsituasies knap behartig is deur die komediante het mens Nesco du Toit se onverhole satire van Revue '68 gemis. Ook van beheerste ironie het min tereg gekom — wat 'n belangrike element is in hierdie tipe humoraanbieding (wat nooit wil pretendeer nie!).

- Die orkeswerk is myns insiens
- die beste wat dit ooit was. Die
- harmonie tussen orkes en koor
- is in Revue '69 uitgebou tot 'n
- magtige spel waaruit al die an-
- der fasette tot suiwer gestalte
- kon groei.

Die programsamestelling was interessant. Dit sou byval vind van 'n eenvoudige plattelandse gehoor af tot 'n gesofistikeerde stadsgehoor. Daar mag verskil wees oor die tweetalige inkleding van die aanbieding, maar na my mening was dit goed.

In die geheel gesien het Johan van Rensburg se kalm beheersing van orkes en koor, die onbesorgde uitvoering, en knap regiewerk die meeste getref. En dan, om dit by herhaling te noem, die flonkerende vriendelikheid van die Alabama-groep.

Nog net dit: in die toekoms sal oorweging geskenk moet word aan die moontlikheid van 'n oorsese toer vir Alabama — die gehalte regverdig optrede in die buiteland!

N.S.

# *Volkspeletoer 'n ,kultuursending*

## – Schutte

**DIE SUID-AFRIKAANSE volkspelers, wat onlangs van 'n toer deur sewe lande in Europa en die Verenigde Koninkryk teruggekeer het, is oorval deur vriendelikheid, gasvryheid en . . . nuuskierigheid. Johan Schutte, voorsitter van A.B. K.K., wat die toer meegemaak het, vertel:**



*Mnr. Johan Schutte in tradisionele volkspeledrag.*

Een van die grootste waardes wat ons as toergroep uit die toer kon put, het gelê in die feit dat ons bevoorreg was om persoonlik kontak te kon maak met die mense van die verskillende lande waardeur ons getoer het. Die lede van die toergroep het meestal by private mense tuisgegaan. Daar is ook in elke land kontakaande met volksdansgroepe gehou, waar daar dan oor en weer volksdanse geleer is of sommer net gesellig verkeer is. By hierdie geleenthede kon ons die mense van ons stamlande beter leer ken, meer van hulle te wete kom en probeer om hulle lewens- en denkpatroon te verstaan en omgekeerd.

Die hartlikheid, opregte gasvryheid en vriendelikheid waarmee ons ontvang is het my verbaas. Ons Suid-Afrikaners is werklik nie die enigste gasvrye volk nie! Die enkele kere wat ek teenoor die vreemdelinge 'n opmerking in hierdie verband gemaak het, het die antwoord soos klokslag daarop neergekom dat hulle nie anders kan nie want dis vriendelikheid in antwoord op vriendelikheid en hartlikheid in antwoord op hartlikheid.

Die groep het ook deelgeneem aan twee internasionale volksdansfeeste in Aalten (Nederland), en Schoten (België). Albei hierdie feeste het etlike dae geduur en op albei was sowat tien verskillende lande verteenwoordig. Op albei feeste is ons eie Volkspele met groot applous en geesdrif ontvang, ten spyte daarvan (of dalk juis daarom) dat ons volkspele 'n groot kontras gevorm het met die volksdanse van sommige van die lande wat teenwoordig was. Die beheersdheid, die grasie en die tipiese volksheid van ons volkspele en volksang, tesame met die feit dat elkeen kon sien dat ons Volkspelers dit geniet om volkspele te doen, het die buitelanders waarlikwaar getref.

Die Volkspeletoer van 1969 was dan ook meer as net 'n doodgewone oorsese volkspeletoer. Dit was as 't ware 'n ganse kultuursending, 'n hele ambassadeurskorps van Suid-Afrika wat in die buiteland getoer het. Ons kon vir ons stamlande gaan wys dat ons waarlik iets het wat ons ONS EIE kan noem; ons kon vir hulle gaan wys dat ons trots is daarop. Hierdie bereidheid om onsself te wees en ons eie te handhaaf het oral 'n onuitwisbare indruk gelaat.

Mnr. Eysermans, huisvader van die kosskool te Lier, waar ons tydens ons tweede toer deur België tuisgegaan het, skryf 'n dankbrief aan die hele groep: „Ze hebben een grote indruk nagelaten, deze Zuid-Afrikaanse Volksdansers, zowel wat het uiterlijke betreft van voorkomen en optreden, als de hoge innerlijke lewensstijl, vriendelijk, gedienstig, correct en vroom. Dit zijn ware ambassadeurs voor hun land en voor hun volk. Beste vrienden, ver op het andere halfrond, baie dankie voor de manier waarop U gedurende deze korte week in onze school geleeft hebt, voor de menselijke ervaring die ek rijker ben geworden door dit, mijn eerste, contact met het Zuid-Afrikaanse volk als groep. Ik wens U verder veel vreugde toe in Uw beweging en in Uw persoonlike bestaan".

U
HOEF
NIE,
MAAR
U
KAN
BETER KOOP BY
UNIEWINKELS
Uniewinkels
VERSKAFFERS
VAN
P.U.-KLEURE

DIE BULT-
HAARKAPPERS
MANS EN DAMES
*Eienaar: G. Schoonhoven*
Tomstraat 86b - Tel. 5136
Na ure: 6056

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
Turkstra
BAKKERY
ook te kry by u kafeteria

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom
Die winkel
waar die
kieskeurige
dame koop

# SKRYWERSKRING TOEGESPREEK

**MNR. GERRITSMA, 'n gesaghebbende op die gebied van kinder- en jeuggedigte, het Skrywerskring op Maandag 4 Augustus toegespreek.**

Uitgewers ondervind steeds probleme om geskikte kindergedigte te vind, want die ondervinding het reeds geleer dat selfs bekende digters nie in staat is om kindergedigte te skryf nie, aangesien dit 'n kunsvorm in eie reg is, het hy gesê.

Hierdie gedigte moet nie uit die oogpunt van 'n volwassene geskryf word nie, maar uit die wêreld van die kind, vir die kind, en daar is baie slaggate waarin die volwasse skrywer kan trap. Die skrywer wat vir kinders wil skryf, moet leer om deur die oë van 'n kind te kyk, en daarom lê die element van die wonder elke gedig vir kinders ten grondslag.

Kinders verkies ook gedigte waarin heelwat aksie voorkom en elke kind hou van gedigte met 'n verrassing daarin versteek. Kindergedigte funksioneer noodwendig op die eenvoudigste vlak, want die kind kan nie beeldspraak en simboliek begryp nie, maar dit impliseer nie dat hierdie gedigte nie ook goeie letterkunde kan wees nie.

Daar bestaan op die oomblik 'n groot vraag na kindergedigte en persone wat daarin belang stel, of gedigte het wat hulle wil laat publiseer, kan die adres van die uitgewer by die voorsitter van Skrywerskring kry.

PUKDIRIGENT

★ Vervolg van bladsy 1

manne die punte insamel nie, en andersom. Dit is hier waar die Pukke kan wys dat hulle dié Universiteit in die land is.

Die afgelope week het die Intervarsity-stemming van die Pukke sommer hoog geloop en ek en Koos het gevoel dat dit een van die lekkerste dinge gaan wees om so 'n begeesterdePukmassa op die pawiljoen te lei. Dit is 'n uitgemaakte saak dat die 2,000 oudstudente wat die dag daar sal wees 'n vergelyking sal wil tref met die sang van nou, en die sang van hul'e tyd. Hier sal die Pukmassa weer met die grootste vrymoedigheid aan hulle voorgestel kan word as dié Pukmassa van die maanlandingstyd. Verskeie Studenteraadslede, wat al geruime tyd op die plaas deurbring, het al openlik erken dat hulle lanklaas so 'n begeesterde klomp Pukke gesien het. So wil ons dit hê, want dan kan dit net nie sleg gaan nie.

Aan die Pukke wat die Vrystaatse hoofstad besoek het op soek na Frans Stroebel en wat in die proses hul wolletjies verloor het, kan ons net sê dat die massa trots is op hulle. Dit kos baie moed om sommer so goedsmoeds in 'n klomp Kovsies in te loop met die wete dat die hare op die spel is.

Jammer vir die Kovsies wat hier kaalkop weg is. Die Puk is nie 'n plek om te kom grappies maak nie en dan moet die gevolge maar net gedra word.

Aan elkeen van die Pukmassa wil ek net sê: Geniet die intervarsity en mag dit 'n groot sukses wees vir elkeen. Intervarsity is daar om mal te gaan en maak daarvan gebruik, maar op die regte Pukmanier. Sterkte en sukses aan elke deelnemer. Julle kan staatmaak op ons. As julle nie self kan wen nie, sal ons julle help om te wen.

## 'n '39 standpunt

IN 1939 word reeds ernstig deur studente besin oor 'n Republiek, segregasie as samewerkingsbasis vir 'n Suid-Afrikaanse volk en neem die Besembos 'n sterk standpunt in ten gunste van Hertzog en Botha.

Vir al u

★ APTEKERS- en
★ FOTOGRAFIESE
★ BENODIGDHEDE

Besoek:

APTEKERS
J. P. VAN DER WALT
(EDMS.) BPK.

Kerkstraat 118
POTCHEFSTROOM
Telefoon 3237

# Netbalstandaard styg

SEWE Pukke het die afgelope vakansie as deel van die Wes-Transvaal-span deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse netbaltoernooi in Welkom. Die Pukke se positiewe en lewendige gees het aansteeklik gewerk op die res van die span.

Die spanne het beter gevaar as in die verlede en daar was 'n sterk veggees onder die speelsters. Drie goeie wedstryde is gespeel en die Wes-Transvaal A-span met vier van die sewe speelsters as Pukke, kon as oorwinnaars van die veld stap teen Boland, Suid-Vrystaat en Stellaland.

Mej. Rosalie de Klerk, 'n oud-Puk en ook lid van die Wes-Transvaal-span, was een van 28 speelsters wat gekies was om aan die finale proewe vir 'n Springbokspan deel te neem. Volgens mej. Behrman, presidente van die S.A. Vroue-netbalunie, het die standaard van netbal in Wes-Transvaal die afgelope jaar belowend gestyg. Volwaardige ligareekse is reeds die vorige seisoen gespeel en is weer aan die gang.

# Beginselvas

OUHEER: „Wat is die beginsel van die Puk?"
Eerstejaar: „Meneer ek weet nie. Ek weet net dit was vroeër Burgersdorp." (1945).

# Student opgemors

Groentjiewysheid: Die Puk is geen vrye universiteit nie, hy bind hom aan sy geloof. 'n Student word „opgemors" deur neutrale professore en lektore. (1942).

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING

Nou OOK
'n wye keuse vir

★ PLATE

by

PRO REGE - PERS BEPERK
„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"
Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

GEE 'N MAN 'N LUCKY!




VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË

# Theos maak skoonskip in Suidwes-Afrika

**NA DIE verpletterende neerlaag wat die Theos net voor die vakansie teen R.P.M. op die lyf geloop het, was daar geen keer aan die rugbytoerspan nie. Die Pukke het naam in Suidwes gemaak deur 'n skoon rekord in alle opsigte daar te laat, maar veral op die gebied van rugby het die Pukke presteer.**

In 'n taai reeks van sewe wedstryde binne die bestek van twaalf dae het die Pukke skoonskip gemaak. Die span slaag daarin om 170 punte aan te teken waarvan 38 drieë was, terwyl die teenstanders net 36 punte teen hulle kon aanteken (7 drieë). Piet Bruwer was verantwoordelik vir die meeste punte, naamlik 46, met kaptein Andries du Plooy tweede met 25, terwyl Ibert Joubert die meeste drieë gedruk het (6). Vier van die spelers het in al sewe wedstryde gespeel. Hulle is Hennie Coetzee, Ferdie Postma, Dawid van Aswegen en Jaap Erasmus.

Die teenstand was gedug en die Pukke het meestal eers aan die einde van die wedstryd die oorhand gekry. Die samespel en taktiek van die span, tesame met fiksheid, was die deurslaggewende element in bykans al die wedstryde. Hierby moet die toegewyde belangstelling en afrigting van mnr. Andrew Bird genoem word. Mnr. Bird het telkens met nuwe taktiek vorendag gekom en die spelpatroon vir die Pukke daargestel.

Die eerste wedstryd het plaasgevind op Keetmanshoop waar die Pukke die oorwinning van 31—0 behaal het. In hierdie wedstryd het die span nege drieë gedruk, waarvan die meeste eers in die tweede helfte aangeteken is. Die sterk span van Walvisbaai is in 'n sprankelende wedstryd verslaan met 34—6. Hier het die span met sy beste rugby van die toer vorendag gekom. Die Suidwesters verdien lof vir die wyse waarop hulle deurgaans gepoog het om die rugby oop te maak en vir die bereidwilligheid om hardlooprugby te speel. Die tweede wedstryd teen 'n gekombineerde span van Walvisbaai was in 'n mate 'n teleurstelling, met min hoogtepunte. Die spelers was duidelik tam en dalk gerus, en moes tevrede wees met 'n naelskraap oorwinning van 12—5. Die telling van 37—0 wat behaal is teen 'n gekombineerde span van oorwegend tweedeligaspelers op Walvisbaai, kan misleidend wees by die bepaling van die sterkte van die span. As egter in aanmerking geneem word dat die Puk-span weer die oorhand in die laaste helfte van die wedstryd gekry het, is dit duidelik dat die fiksheid van die studente een te veel was vir die Suidwesters.

Die wedstryd teen Otjiwarongo was sekerlik die teleurstellendste van die toer. Die tuisspan moes die onderspit delf met 16—3. Die spel was hard en het met tye selfs gedreig om in 'n geveg te verander. Fires van Vuuren veral was in hierdie wedstryd die redding van die span, en het met 'n paar pragbreekslae daarin geslaag om die verdediging te troef.

Die beste toets vir die toerspan was die wedstryd teen Tsumeb. Na 'n taai stryd het die span daarin geslaag om die wedstryd 24—16 te wen. Die spanne het om die beurt voorgeloop, gevolglik het die spanning met tye breekpunt bereik. Drie van Tsumeb se beste spelers, wat Suidwes al verteenwoordig het, is drie dae ná die wedstryd in 'n motorongeluk oorlede.

Die laaste wedstryd van die toer was teen Sentraal B op Windhoek. Hierdie span is al bestempel as die tweede span van Suidwes. Die samespel van die Pukke was een te veel vir die gekombineerde Sentraalspan. Die telling was 16—6 en die Pukke het onoorwonne uit Suidwes teruggekeer.

Die gasvryheid van die Suidwesters is opmerklik en die studente is deurgaans gulhartig ontvang en deeglik onthaal. Goeie vriendskapsbande is gesluit en die hoop is uitgespreek dat die Puk weer in Suidwes moet gaan toer.

Die bydraes van die spelers was soos volg:

| | D | V | S | T |
|---|---|---|---|---|
| Ibert Joubert | 6 | — | — | 18 |
| F. van Vuuren | 5 | — | — | 15 |
| A. du Plooy | 5 | 2 | 2 | 25 |
| D. van Aswegen | 4 | — | — | 12 |
| P. Roodt | 3 | — | — | 9 |
| B. Bernardo | 3 | — | — | 9 |
| T. Coetzee | 2 | — | — | 6 |
| S. Willemse | 2 | — | — | 6 |
| B. Reinhardt | 2 | — | — | 6 |
| H. Coetzee | 2 | — | — | 6 |
| B. van Wyk | 1 | — | — | 3 |
| C. Venter | 1 | — | — | 3 |
| F. Postma | 1 | — | — | 3 |
| S. de Waal | 1 | — | — | 3 |
| P. BrUwer | | 17 | 4 | 46 |
| | | | | 170 |



KAPTEIN JIM VAN RENSBURG
*(Foto: Fotokuns)*

## Kovsies gedug – Theos 'n bewese span

Vanjaar speel Puk en Kovsies die negentiende agtereenvolgende intervarsity. Vir sommige van ons is dit die eerste ondervinding daarvan — vir ander 'n herhaling van 'n vorige ondervinding — maar vir almal van ons, 'n groot en onvergeetlike ondervinding. Om 'n intervarsity-wedstryd te speel bly maar altyd die grootste ideaal van elke rugbyspeler.

Voor elke intervarsity is daar altyd „gees-vang" en „groot-brag" en alles wat daarmee gepaard gaan. Ons weet dat elke Puk bankvas agter ons staan en ons gaan jul nie teleurstel nie.

Voorspellings wil ons op hierdie stadium nie waag nie, want ons weet dat Kovsies 'n gedugte span is — maar ek reken Puk het vanjaar self al bewys wat en hoe dinge gedoen kan word. Aan die Pukke kan ons sê: sorg dat julle daar is en ons sal sorg dat julle nie loop voordat die eindfluitjie geblaas het nie.

**Jim van Rensburg.**

## Noordelike universiteite wen

Die Noordelike universiteite (Puk, Tukkies, Wits) het verlede Saterdag daarin geslaag om die sterk span van die Kwaggas in 'n rugbywedstryd te verslaan met 32—19. Die wedstryd, wat die hoofvoorwedstryd vir die toets

★ *vervolg in kolom 1*

★ *vervolg van kolom 3*

tussen Suid-Afrika en Australië was, het by tye baie slordige spel opgelewer.

Vir die studente het Ibert Joubert en Piet Brand van die Puk saam met nege Tukkies en vier Witsies uitgedraf. Ibert het baie min van die bal gesien, maar het beïndruk met sy verdediging, terwyl een van Piet se kraglopies uitgeloop het op 'n drie.


U kan gerus u bande versool by . . .

GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ GOODYEAR G 800 loopvlak

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)


*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Oliënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*

# NEGE PUKGIMNASTE VERWERF W.T.-KLEURE

**KAPT. N. OBERHOLZER van die Puk-gimnastiekspan het in 'n onderhoud verklaar dat die volgende Pukke tot die W.T.-span verkies is: Dames: Mej S. Henning. Mans: P. O'Neil en G. Kruger (vierde graad), J. Verster, T. van der Walt en F. Brisley (vyfde graad), N. Oberholzer, L. Young en T. Kruger (sesde graad).**

In die sesde graad was daar 'n stryd tussen N. Oberholzer en L. Young. Oberholzer het egter die eerste plek behaal. Beide hierdie gimnaste behoort goed te vaar op die S.A.-kampioenskappe.

J. Verster behaal die eerste plek in die vyfde graad met 'n mooi vertoning met T. van der Walt nie ver agter hom nie. Ook hulle behoort goed te vaar op die S.A.-kampioenskappe.

Mej. P. Nash van Carletonville is aangewys as die beste damesgimnas en N. Oberholzer as die beste mansgimnas.

Die skild vir die beste span, mans sowel as dames, is weer vanjaar deur die Puk gebuit.

Die Kovsie-gimnastiekspan het hulleself onttrek van die kragmeting, waarna die Pukke baie uitgesien het.

## Geen tafeltennisprobleme

„As dit net van die Tafeltennis afgehang het, dan was die Intervarsity so goed soos in die Pukke se sak", het Leon Theron, kaptein van die Tafeltennisspan gesê. Die persone wat die Puk sal verteenwoordig op die komende Intervarsity, is: Piet van der Walt, Sarel du Plessis, Leon Theron en Ben Schutte.

Daar behoort nie veel probleme vir hierdie manne te wees nie, aangesien die standaard van die Tafeltennisklub vanjaar besonder hoog is.


GOEIE KOS ! FLINKE DIENS ! u tevredenheid is ons PLESIER !

BAILIEPARK PADKAFEE

(Langs die Johannesburg-pad geleë).

Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag.

Tel. 6670



na aksie – satisfaksie




vol-ja smaakvol